



Uitnodiging na die 7de Volksvergadering van die Geloftevolk van Suid-Afrika

D.V. 10-11 Oktober 2015

Dankbaar CVO Bloemfontein

Toe prof. Nelus Niemand, hoofmoderator van die NG Kerk 'n pleidooi gelewer het dat: "lesbiese, gay, biseksuele en transseksuele (oriëntasie) **genormaliseer** sal word (binne die kerk)," – Beeld 1 Julie 2015, het hy daardeur die betrokke bepalings in die Bybel as uitgedien aan kerklidmate en die wêreld voorgehou en homself polities geskaar by die humanistiese vereistes en waardesisteen wat met die Grondwet van die Nuwe S.A. gevestig moet word [eie aksent].

Josua, die opvolger van Moses het die volk op sy oudag voor 'n keuse gestel: [1933/53 Bybel] **Jos.24:15** "Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien."

Dit is duidelik dat prof. Niemand as geestelike leier van die NG Kerk gekies het om sy rug op die HERE [JHWH] te keer en eerder die rol te vervul van 'n Jerobeam [seun van Nebat] en 'n Agab, wat eiesinnige godsdienste ingevoer het en waardeur Israel uiteindelik hul land moes verlaat en in ballingskap weggevoer is. Wanneer die kerke se geestelike voorgangers die on-SKRIFTUURLIKE weg betree en die kollektiewe gemeenskap wat deur hul bedien word dit sonder teenspraak aanvaar, word die kerk as geheel die spieëlbeeld van 'n siek samelewing.

Vandag pluk en vertoon ons as volk die vrugte van **liberalisme**, wat gevestig is deur die slaafse navolging van voorgangers op verskeie lewensterreine. Gevolglik staar ons toenemende duisternis, watertekorte en onvermydelik hongersnood in die gesig. Moord, roof, verkragting, korrupsie, verbastering, wetteloosheid, en dies meer het daardeur alledaags geword en beswyk elke sin vir geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Hierdie uitlating van prof. Niemand kom juis te midde van natuurverskynsels wat volgens profesie die Bybelgelowige tot herbesinning roep - Joel 2:31; Op.6:12; Mat.16:3; 24:32; Mark.13:7-13; 13:24-28; Luk.21:11,25,26. Ons as kinders van die HERE (JHWH) moet let op ons lewensweë---of dit met gruwels besaai is en of dit tot eer van die HERE (JHWH) is.

'n Uitsonderlike natuurverskynsel is tans in die proses om plaas te vind nl. die bloedmane wat die afgelope twee jaar gepaard gegaan het met die feestye wat vir Israel in die SKRIF verordineer is. Die komende Huttefees [einde Sept 2015] sal gekenmerk word aan die vierde bloedmaan. Die media wêreldwyd gons van voorspellings en onrustigheid vir hierdie gebeurtenis. Terwyl hierdie natuurtekens vir die kinders van die HERE (JHWH) as bakens vir geestelike rekonsiliasie moet dien, is dit ook duidelik te bespeur dat vele Protestantse kerke gaandeweg terug beweeg onder die invloedsfier van Rome en verdwyn die vrug van die Hervorming van 500 jaar gelede. Jammerlik neem 'n groot deel van ons volk stilswyende deel aan die gruwels en Godsveragterende lewensnorme en het hulle die prooi geword van wolwe in skaapsklere.

Die Geloftevolk Koördineringskomitee [GKK] gee hiermee kennis van die 7de volksvergadering van die Geloftevolk, waartydens onder andere die morele basis van die onderskeie vryheidsinisiatiewe van die blanke Christenvolk aan die Suidpunt van Afrika ter verwesenliking van ons gemeenskaplike

ideaal, onder bespreking gaan kom. Dit sluit aan by die tema: Vryheid vir die Gelooftevolk om Jahshuah (Christus) as Koning volkome te dien?

Sakelys:

Saterdag 10 Oktober

- 08h00-08h15 Opening
08h15-08h30 Verwelkoming en ordereëlings
- 08h30-09h00 Herkenning en erkenning van strafgerig oor die Gelooftevolk. – Jurgens van Zyl
09h00-09h30 Bespreking
09h30-10h00 Wat is die morele basis van die onderskeie vryheidinisiatiewe van die blanke Christenvolk aan die suidpunt van Afrika ter verwesenliking van ons gemeenskaplike ideaal? –
 Hein Marx
- 10h00-10h30 Pouse
10h30-11h00 Andries Breytenbach
11h00-11h30 Barend Pienaar
11h30-13h00 Bespreking en formulering van 'n morele basis vir selfbeskikking.
13h00-14h00 Ete selfvoorsienend
14h00-14h30 Profetiese vooruitskouing vir die vrywording van die Gelooftevolk. – Conrad v Niekerk
14h30-15h00 Bespreking
15h00-15h30 Pouse
15h30-16h00 Eerbetoon aan Jahshuah (Christus) d.m.v. ons taalgebruik. – Tienie Dumas
16h00-16h30 Bespreking
16h30 Vergadering verdaag

Sondag 11 Oktober

- 09h00 Verootmoedigingsdiens. - Volksverhewendheid as volksonde – Lourens Joubert
10h30 Vergadering verdaag.